# Kitsfeite oor woordsoorte vir die eksamen

## Bywoord

- Bywoorde kan op vormvlak met behulp van verskeie woordvormingsprosesse gevorm word, byvoorbeeld:
  - *deur samestelling*: **"suid+oos"**; **"noord+oos"**; **"hier+langs"**; **"stroom+af"**;
  - *deur afleiding:* **"sing·end"**; **"(hardloop) blind·elings"**; **"groot·liks"**; en
  - *deur reduplikasie:* **"brom-brom"**; **"lag-lag"**.
- Hoewel die bywoorde **"nooit"** (bv. **"Daar is nooit plek nie"**), **"nêrens"** (bv. **"Nêrens het dit ooit gebeur nie"**) en **"niks"** (bv. **"Hy is niks bang nie"**) sinne ontkennend kan maak, het hulle primêr ’n tyds-, plek- en graadbetekenis. Daarom is hulle eerder bywoorde van tyd, plek en graad.
- Moet nie die term "bywoord" met "bywoordelike bepaling" verwar nie. Die term "bywoord" is die naam van ’n woordsoort, en ’n mens praat van ’n **bywoord** naas ’n werkwoord en selfstandige naamwoord. Die term "bywoordelike bepaling" is die naam van ’n sinsdeel se funksie, en ’n mens praat daarvan naas ’n onderwerp, voorwerp en gesegde. Bywoorde (die woordsoort) kan die funksie verrig van ’n bywoordelike bepaling (bv. **"Hulle slaap smiddags"**), maar ander sinsdele kan ook hierdie funksie verrig (bv. **"Hulle dans elke week"**).
- Rangtelwoorde kan soms op ’n manier in sinne gebruik word, sodat dit wil voorkom of hulle bywoorde is, veral as hulle ná die eerste werkwoord staan (bv. **"Moosa het tweede in die resies gekom"**). Sulke woorde dui eintlik steeds ’n posisie in ’n rangorde aan en daarom is hulle woordsoortelik steeds rangtelwoorde.
- Soms is dit moeilik om te besluit watter soort bywoord ’n woord is. Daar is met ander woorde nie net altyd een regte antwoord nie. Die woord **"onmiddellik"** in die sin **"Gaan doen onmiddellik jou werk!"** kan twee verskillende betekenisse oordra, afhangende van ’n mens se interpretasie:
  - *Tyd:* In hierdie geval sou dit ‘nou’ of ‘so gou as moontlik’ beteken.
  - *Wyse:* Dit kan ook dui op die manier waarop die werk gedoen moet word, dit wil sê sonder om te wag of te huiwer.

